BOKKOMPIE

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Nic Tredoux

Bokkompie, bokkompie is jou neusie droog?
Kyk waar sit die mooiweerson, die mooiweerson sit hoog
Bokkompie, bokkompie kyk dis heldermaan
Bokkompie, bokkompie môre wil ek see toe gaan

Bokkompie, bokkompie is jou neusie klam?
Kyk hoe lê die streepmis lê die streepmis op die dam

Bokkompie, bokkompie is jou neusie nat
Kyk hoe val die motreën nou, die motreën op die pad
Bokkompie, bokkompie kyk dis heldermaan
Bokkompie, bokkompie môre wil ek see toe gaan

Bokkompie, bokkompie drup jou neusie nou
Bokkompie, dan sous dit mos, dan sous dit sommer gou
Bokkompie, bokkompie kyk dis heldermaan
Bokkompie, bokkompie môre wil ek see toe gaan.